

HOOFSTUK II.

DIE WETENSKAPLIKE BELANGSTELLING IN DIALEKTE.

As gevolg van die plek wat Latyn ingeneem het as taal van die wetenskap, is die studie van die moedertaal in Wes-Europa vir eeue lank verwaarloos. Die volkstaal is as onwaardig beskou om as kultuurmiddel sy regmatige plek in te neem. Eers langsamerhand kom hierin verbetering: reeds in die middeleeue word die taal van die volk in die letterkunde aangewend. Eers veel later sou dit as taal van die wetenskap 'n belangrike rol kon speel.

Toe die wetenskaplikes hulle eindelik ook met die studie van die volkstaal gaan besig hou, was dit egter nie eintlik die egte volkstaal wat die voorwerp van studie gevorm het nie; dit was die verfynde, gekweekte taal van die ontwikkelde deel van die volk, die sogenaamde algemeen-beskaafde taal.

Die egte volkstaal, of dialek, was toe nog heeltemal benede die belangstelling van die wetenskaplike. Dit het immers gegeld as bedorwe taal, 'n verworde vorm van die algemeen-beskaafde kultuurtaal¹⁾ wat so verkeerd gepraat word as gevolg van die onkunde en slordigheid van die onontwikkelde volk.

Dit is eers die Romantiek wat aan die begin van die 19e eeu 'n belangstelling gebring het vir alles wat volksaardig is, en daarmee ook 'n ander houding teenoor die dialek. Dit kom egter langsaam. Jakob Grimm is al 'n heeltemal nuwe insig toegedaan, maar hou hom tog nog byna uitsluitend besig met die „edeler” skryftaal.²⁾

¹⁾ B. Martin: *Die deutsche Volkssprache*. bl. 23.

Adolf Bach: *Deutsche Mundartforschung*. bl. 5.

²⁾ Jakob Grimm: *Deutsche Grammatik* I bl. XII. (1822).

Met die werk van Johann Andreas Schmeller¹⁾ word dit heeltewel duidelik dat die dialek geen bedorwe taal is wat ontstaan het uit die algemeen-beskaafde taal nie; dat laasgenoemde dus nie noodwendig nader as die dialek aan die ouer vorme van die taal staan nie. Hy vind dus 'n juiste, historiese insig as grondslag vir sy werk deur 'n deeglik wetenskaplike ondersoek na die verband tussen die volkspraak en die ouer vorme van die Duitse taal. Hierdeur word die belangrikheid van dialektstudie vir die historiese taalwetenskap ingesien. Uit 'n kennis van die dialekte kan menige anders onverklaarbare taalverskynsel duidelik word. Baie taalvorme wat in die algemeen-beskaafde taal al verdwyn het, is nog in die een of ander dialek terug te vind, 'n duidelike bewys van die historiese verband tussen die dialek en die ouer vorme van die taal.

Die juiste historiese opvatting was 'n noodsaaklike grondslag vir die wetenskaplike taalstudie. Maar alleen die historiese insig kon nog lank nie al die probleme oplos nie, want ten spyte van hierdie nuwe insig en die nuwe belangstelling het sekere verkeerde opvattinge ten opsigte van die dialekte nog bly voortbestaan. So'n opvatting was dat dialekte vaste grense sou hê. Binne die grense sou 'n dialek dan 'n geslote eenheid vorm, en daarbinne ook sy eie ontwikkeling deurmaak. Op grond daarvan kon 'n mens dan klankwette vasstel wat die verskillende dialekte van mekaar skei en waarop daar geen uitsondering moontlik sou wees nie. In Nederland het ons bv. die oorgang in sekere dialekte van *uu* tot *ui*. Volgens hierdie opvatting van die klankwette moet die oorgang, wat binne 'n bepaalde tydsbestek deurgevoer is oor 'n bepaalde gebied, in alle woorde plaasgevind het wat tot dieselfde kategorie behoort, d.w.s. waarin die klank in dieselfde fonetiese posisie voorkom. Binne bepaalde grense moet dus alle woorde soos *huus*, *muus*, *uut*, *juus* oorgaan tot *huis*, *muis*, *uit*, *juis*. Aan die eenkant van hierdie grenslyn

¹⁾ *Die Mundarten Bayerns*. 1821.
Bayrisches Wörterbuch, 1827.

sou ons dan die *uu*-dialek hê, en aan die anderkant die *ui*-dialek. So'n klankoorgang sou werk volgens 'n natuurwet, waarop daar geen uitsondering moontlik is nie.


Op grond van hierdie eenheidskarakter wat die dialekte binne hulle skerp grense sou vertoon, het hulle nou probeer om die dialekte te klassifiseer volgens die metode van die natuurwetenskap. En die klassifikasie sou dan so gebeur dat die dialekgebiede van teenswoordig in verband gebring moet word met die gebiede van die ou volkstamme. Dit beteken dat die dialekte in Duitsland byvoorbeeld, nog dieselfde grense moes bewaar het van 'n vyftienhonderd jaar gelede.

Uit 'n stryd oor hierdie verkeerde opvattinge kom die geografiese metode van dialekondersoek tot stand. Schleicher het die ontwikkeling van verwante tale voorgestel deur middel van sy bekende stamboom-teorie wat berus op die genoemde voorstelling van dialekte as geslote eenhede binne 'n beperkte gebied. Indien die dialekte — of ook wel tale — so'n geslote eenheid vorm, sal 'n mens die verwantskapsbetrekkinge tussen hulle, soos Schleicher doen, kon voorstel deur middel van 'n familie-stamboom. 'n Oorspronklik gelykvormige oertaal verbrokkel deur gebrek aan kontak tot afsonderlike dialekte wat tot selfstandige tale kan ontwikkel en op hulle beurt weer gaan verbrokkel. So kry ons dan die familie-stamboom.

Hierdie teorie stel die verwantskapsbetrekkinge wel mooi aanskoulik voor, maar baie verskynsels is op grond van hierdie voorstelling nie verklaarbaar nie. Sodra 'n mens op besonderhede ingaan, stuit jy op moeilikhede. Dit kom daardeur dat die oervorm self geen volmaakte eenheid gevorm het voor die verbrokkeling nie, en dat die verbreking van onderlinge verkeer in die reël nie so skielik en volkome was nie. Die mense het dikwels vir eeue na die splitsing nog 'n mate van onderlinge verkeer volgehou met die gevolg dat die dialekte nog invloed op mekaar bly uitoefen het; in sommige streke meer, in ander weer minder.

Nou sê Schuchardt dat as 'n mens die takke van die stamboom met horisontale lyne verbind om die wedersydse invloed van die dialekte op mekaar aan te toon, dan is dit geen stamboom meer nie. Volgens hom vorm die dialekte geen geslote eenhede met skerp omlynde grense nie; die taalverskille is, geografies beskou, 'n verandering by trapsgewyse. Selfs waar die dialekte reeds tot selfstandige tale ontwikkel het met hulle eie dialekte, soos die Romaanse tale, bly die toestand nog voortbestaan. Gaan 'n mens byvoorbeeld tevoet vanuit midde-Italië na Frankryk, luister jy na die volkstaal om noukeurig waar te neem waar Italiaans ophou en die Frans begin, sal jy in onoorkomelike moeilikhede beland by die vasstelling van die grens. So ver as 'n mens gaan, tref jy die een na die ander nuwe verskynsel aan. Nêrens is daar 'n definitiewe grenslyn vir al die verskille tegelyk te vind nie: altyd bly dit maar 'n geleidelike oorgang, tot dwarsoor die staatsgrens.

In ooreenstemming met hierdie opvatting wat Schuchardt in 1870 uiteengesit het in 'n lesing *Über die klassifikation der Romanischen Mundarten* (weergegee in Schuchardt—Brevier 1928, bls. 166) kom Johannes Schmidt in 1872 met sy golf-teorie wat hy in die plek wil stel van Schleicher se stamboom-teorie. Hy wil die verbrokkeling van die Indogermaanse tale verklaar uit die waarnemings wat ons tot vandag toe in die lewende dialekte kan maak. Hy gaan nie uit van die veronderstelling dat die ou volkstam skielik verbrokkel het, waarop dan ook 'n verbrokkeling van die taal moes volg nie. In die moderne dialekte kan ons sien hoedat die verbrokkeling 'n natuurlike proses is wat hom langsaam en stil oor die taalgebied uitbrei. Soos golwe brei verskillende nuwighede in die taal hulle uit oor die taalgebied. Hierdie golwe rol in alle rigtings vanuit verskillende punte, wat gewoonlik streke of stede van kulturele invloed sal wees. Hoe verder van die uitgangspunt af, hoe swakker word die golwe en in die meeste gevalle word hulle gestuit voordat hulle oor die hele taalgebied heengerol het. So ontstaan daar dan



SKETSKAART N^o.1.

Die westelike taalvorm staan eerste.

..... oostelike grens v. „met.....saam“ (loop met die pad saam).

- - - - - meul — meule

..... môre — more

- - - - - heuning — hunning

+ + + + + nōi — nooi (geliefde)

- - - - - dip — diep

plaaslike verskille in die taal; die verskille neem langsamerhand toe en naderhand praat ons van dialekte en eindelijk van afsonderlike tale.

(Vgl. die sketskaart vir die grenslyne in die Kaap-Provinsie).

Volgens hierdie teorie kan ons goed verstaan hoe dit kom dat dialekte sonder skerp grense aanmekaar skakel. 'n Dialek van 'n bepaalde streek vertoon altyd sekere ooreenkomste met die dialekte aan sy een kant en weer ander ooreenkomste met dié aan sy ander kant. Gevolglik kan 'n mens die gebied van 'n dialek maar by benadering aandui, en daarom eindig Schuchardt sy beroemde lesing met die woorde: *Ich habe über die Klassifikation der romanischen Sprachen sprechen wollen, und ich habe gegen sie sprechen müssen . . .*—(Schuchardt—Brevier. bl. 188).

Die insigte van Schuchardt, Schmidt en andere het gebots met die opvattinge van die *Junggrammatiker*, 'n groep taalgeleerdes wat omstreeks van 1870 'n vername rol in die taalstudie gespeel het. Dit word 'n heftige stryd wat veral gaan oor die kwessie van die uitsonderingloosheid van die klankwette, oor dialekgrense en die stamboom-teorie.

Hierdie stryd maak dit noodsaaklik om deur 'n prakties-induktiewe ondersoek die saak tot 'n oplossing te bring. Met die doel om nou eens en vir altyd die bewyse vir die opvattinge van die *Junggrammatiker* te vind, het Wenker begin stof versamel vir 'n Duitse Taalatlas. Dit was die begin van die geografiese metode van dialekontersoek.

Georg Wenker, bibliotekaris aan die Universiteit te Marburg, was so goed bekend met die dialekte aan die Ryn rondom Düsseldorf dat die toe bestaande dialekkaarte hom nie bevredig het nie. Dit was nog 'n rede waarom hy die noodsaaklikheid ingesien het van kaarte wat gebaseer moet wees op gegewens uit alle dele van die land. Word al die wisselvorme van elke taalverskynsel dan apart op 'n kaart aangebring, sal 'n vergelyking van die verskillende kaarte

duidelik kan aantoon of die grenslyne vir die verskillende gevalle saamval al dan nie.

Met die oog hierop stel hy toe veertig eenvoudige sinnetjies saam wat soveel van die verskynsels bevat as wat hy vir sy doel nodig ag. Dit was natuurlik onmoontlik om 'n vertaling van die sinnetjies in die betrokke dialek self van dorpie tot dorpie te gaan opteken. Daarom maak hy gebruik van die indirekte metode, d.w.s. hy stuur die veertig sinnetjies in die vorm van vraelyste uit na al die skole in die gebied wat hy wil opneem met die versoek aan die onderwyser om dit in die dialek van sy omgewing te vertaal. Eers probeer hy dit oor 'n beperkte gebied en toe dit goed gaan, brei hy die ondersoek verder uit. So uitstekend was die medewerking van die onderwysers dat daar vanaf 1876 tot 1888 oor die 46,000 antwoorde op die vraelyste ingekom het wat die nodige informasie verskaf uit die omgewing van elke skoollokaal in Duitsland.¹⁾

In die *Zentralstelle für den Sprachatlas des Deutschen Reichs und deutsche Mundartenforschung* in Marburg word daar aan die verwerking van hierdie materiaal nou al oor die sestig jaar gewerk, en dit is nog lank nie uitgeput nie. Wenker kon die omvang en die belangrike gevolge van sy onderneming seker nie voorsien nie. Die belangrikheid van die resultate daarvan is ook maar langamerhand ingesien, juis omdat dit so verrassend was. Sy eerste ses kaarte publiseer hy in 1881. Vir wat hy wou bewys, het die kaarte gladnie gedeug nie. Wel het hy verwag dat die dialekkarte wat tot dusver bestaan het onvolledig en dikwels onjuis was. Maar hy was ook die gangbare mening toegedaan dat die grenslyne van die verskillende kenmerke wat die dialekte van mekaar skei, almal moes saamval. Waar deur die Hoogduitse klankverskuiwing die *p* in 'n bepaalde posisie in die woord altyd oorgaan tot *f* of *ff* (*Schlafen* tot *schlafen*. *Ape* tot *Affe*), *k* altyd tot *ch* (*maken* tot *machen*), daar

¹⁾ Bernhard Martin in: *Essai de bibliographie de géographie linguistique générale* par Jos. Schrijnen bl. 20 vlg.

moes die oorgang vir al die gevalle plaasgevind het binne dieselfde vaste grense. (Kyk Bernhard Martin *Die Deutsche Volkssprache* bl. 24 vlg.)

Dis in hierdie opsig dat Wenker se kaarte die verrassende verskynsel aan die lig gebring het dat die grenslyn vir geen twee gevalle presies saamval nie. Dis nie net dat die bogenoemde grenslyn tussen *p* en *f* (*ff*) anders loop as die tussen *k* en *ch* nie, maar ook vir die verskillende woorde waarin *p* oorgaan tot *f* (*ff*) byvoorbeeld, loop die grenslyne anders. Met ander woorde, vir elke woord, elke taalvorm gaan die grens van die verbreidingsgebied sy eie weg. Hiermee kom die klankwette ook in die gedrang, want volgens hierdie kaarte staan ou en nuwe vorme naasmekaar: in dieselfde gebied kan *schlafen* naas *Affe* aangetref word.

Hierdie uitkomstes was so verrassend, so in stryd met die algemene verwagting dat baie van Wenker se vakgenote, liever as om hulle ou opvattinge prys te gee, sy stof as onbetroubaar beskou het en sy kaarte dus as waardeloos. Voorlopig staak hy die publikasie van kaarte om eers meer stof in te samel. Vanaf 1889 word hy bygestaan deur Prof. Wrede van die Universiteit van Marburg. Deur die ondervinding leer hulle om meer krities teenoor die stof te staan en om die interpretasie van die kaarte op 'n vaste grondslag te stel.

Nog voordat Wenker en Wrede genoeg van hulle stof kon verwerk om hulle vakgenote van die belangrikheid van die taalkaarte voldoende te oortuig, is daar ook in Frankryk met 'n dergelike onderneming begin. Gilliéron en sy helper Edmont, het die saak egter heeltemal anders aangepak. Hulle wou betroubaarder stof hê as wat deur ongeskoolde medewerkers verkry kon word. Daarom het Edmont, 'n geskoolde fonetikus, van 1896 tot 1900 self met 'n vraelys deur die land gereis om die nodige waarnemings te maak en op te teken.

Hulle maak dus gebruik van die direkte metode, wat in sekere opsigte as 'n vooruitgang op die werk van die Duitsers beskou kan

word. Edmont kon egter nie soveel plekke besoek soos waarvoor daar gegewens vir die Duitse taalkaarte verkry is nie. Die net van gegewens vir die Duitse Taalatlas is dan ook vyftig keer so dig as vir die van die Franse; teenoor die 46,000 vraelyste van Wenker, het Edmont slegs 639 plekke besoek.

So'n ondigte net het natuurlik sy nadele, maar vir die Franse het dit een groot voordeel gehad: die onderneming was lank nie so geweldig groot soos die van Wenker nie, en hulle kon in veel korter tyd met sprekende, oortuigende resultate voor 'n dag kom. In 1908 was die hele Franse Taalatlas reeds klaar en gepubliseer, bestaande uit 1920 kaarte waarop daar 1 miljoen taalvorme verwerk is. Eers in 1926 is daar weer begin met die publikasie van die Duitse Taalatlas, waarvan daar tot 1939 reeds 11 afleweringe verskyn het.

Ander lande kon voordeel trek uit die ervaring van die Duitse en Franse dialekgeografe. Sommige het reeds 'n taalatlas klaar; andere is nog met een besig. Vir ons is dit veral van belang wat daar in Nederland en Vlaandere op die gebied gedoen word. Die *Dialectencommissie der Koninklijke Akademie van Wetenschappen te Amsterdam* is vanaf 1930 besig aan 'n taalatlas vir die hele Nederlandse spraakgebied. Hulle het al veel materiaal versamel en verwerk, maar nog nie met publikasies begin nie. Intussen het daar in Leiden reeds een aflewering verskyn van die *Taalatlas van Noord- en Zuid-Nederland*, bestaande uit 15 kaarte.¹⁾

Die taalatlas het nie net vir die dialekstudie vernuwing gebring nie; op die taalstudie in die algemeen het dit belangrike invloed gehad. Met die daarstelling van 'n taalatlas is wel 'n groot stuk werk volbring, maar daarmee is eintlik nog maar net die materiaal vir die geografiese verspreiding van taalverskynsels bymekaar gebring en op 'n aanskoulike wyse beskikbaar gestel. Na die voltooi-

¹⁾ Uitgegee deur Dr. L. Grootaers en Dr. G. G. Kloeke (E. J. Brill, Leiden, 1939). Vir besonderhede in verband met Taalatlas in voorbereiding, raadpleeg: Jos. Schrijnen: *Essai de bibliographie de géographie linguistique générale*.

ing van die taalkaarte kan wetenskaplike verwerking van die stof pas begin, nl. die interpretasie van die kaarte.

Voor die toepassing van die geografiese metode van dialektondersoek het die klem by die taalstudie geval op die historiese sy daarvan. (vgl. bv. die werk van die *Junggrammatiker*). Die interpretasie van die taalkaarte het gelei tot die geografiese en sosiologiese beskouing in die taalwetenskap. Tog het dit die historiese beskouingswyse nie vervang nie: die taal-geografie vul juis die gegewens vir die taalgeskiedenis op 'n noodsaaklike wyse aan.

Die nuwe metode beskik oor enorm veel materiaal, wat vanselfsprekend ook 'n nuwe studie-metode vereis het. Op hierdie gebied was Gilliéron die eerste geniale meester; hy gee 'n nuwe rigting aan die Romanistiek en die taalkunde oor die algemeen.¹⁾

By 'n bestudering van die taalkaarte is dit veral die grense van die verskillende taalverskynsels wat die aandag in beslag neem. 'n Verklaring van die grenslyne word dikwels eers moontlik deur 'n vergelyking van verskillende kaarte met mekaar. Hierdie vergelyking en interpretasie van die taalkaarte waarby sowel die taalgeskiedenis as die taalgeografie te pas kom, gee ons 'n baie duidelike insig in die lewe van die taal; dat dit geen saak van die individu is nie, maar van die gemeenskap. Soos Adolf Bach sê, vereis taaleenheid 'n verkeersgemeenskap.²⁾ Waar daar 'n skeiding is, waar die verkeersgemeenskap ophou, daar kom 'n afwyking in die taal, omdat daar die mondelinge omgang tussen die mense ophou. Sover as wat die verkeer lewendig bly, sover vind daar 'n daaglikse omgang tussen die mense plaas, en dit is waarop die saak tenslotte neerkom. Want die hoofvoorwaarde vir die bestaan van 'n taal is 'n samelewing wat die praat en die voortbestaan en ontwikkeling daarvan moontlik maak.³⁾

¹⁾ vgl. Blancquaert: *Romaansche Dialectologie*, Nieuwe Taalgids XVI, bls. 131 waar daarop gewys word hoe die dialektgeografie in verskillende opsigte tot die bevordering van die taalwetenskap bydra.

²⁾ *Deutsche Mundartforschung* § 22.

³⁾ Kyk N. van Wilke: *Over Dialektgrenzen*, Nieuwe Taalgids VI. bl. iii.

Wat die eenheid en verskeidenheid in die taal betref, het elke spreker die neiging om sy taal aan te pas by die spreekgewoontes van die mense met wie hy gedurig in aanraking kom. Die inwoners van 'n dorp of distrik byvoorbeeld, praat veel meer met mekaar as met mense wat êrens anders woon. As nou enige nuwigheid in die taal hom oor 'n distrik versprei dan sal dit vinnig posvat sover as wat daar 'n daaglikse omgang tussen die mense plaasvind. Die grens van die verbreiding van so'n taalverskynsel sal dan ongetwyfeld lê langs die een of ander lyn van swakheid in die gebied van mondelinge omgang, die daaglikse verkeer tussen die mense.¹⁾ En dit hang af van dinge soos verkeersweë, markte, staatsgrense, kerklike grense ens. Die verkeer rig hom hoofsaaklik op 'n sentrum wat om die een of ander rede belangrik is: daar is die mark, die kerk, die regeringskantore, die winkels ens.

'n Samehangende spraakgebied kan so uiteenval in 'n aantal kleiner dialekgebiede rondom hulle onderskeie sentrums. Dit is een van die twee neigings wat ons in elke groter gemeenskap aangetref, nl. die gees van partikularisme (provinsialisme).²⁾ wat streef tot gelykmaking binne die engere gebied van daaglikse omgang. Hierteenoor is daar die mag van die grootverkeer wat 'n uitruiling met verder uiteenliggende gebiede teweeg bring. Hierdie twee magte hou die taalontwikkeling in gedurige beweging.³⁾

¹⁾ Sien Bloomfield: *Language*, bl. 328.

²⁾ de Saussure: *Grundfragen der Allgemeinen Sprachwissenschaft*, bl. 246.

³⁾ „Verkehr ist nichts Abstraktes, Ungegliedertes, sondern etwas ganz Reales, eine Summe von Einzelvorgängen, die ineinandergreifen, aber auch ohne Verbindung miteinander ablaufen können. Und so erklärt sich seine doppelte Wirkung. Ein Verkehrsablauf verbindet alles, was er in ~~seinem~~ Rahmen einbezieht. Er errichtet damit aber zugleich eine Grenze gegen Nichteinbezogenes (das dann wieder einem anderen Verkehrsablauf angehört). Da zu dem Verkehr sich abstuft, mehrere kleinere Gruppen in einer Größeren ~~zusammengefasst sein~~ können, deren übergreifende Kraft die kleineren Einheiten unter ~~Schwächung der Einzelabschlüsse~~ bindet, so können wir Verkehr in einer doppelten Hinsicht betrachten, als trennend, grenzbildend, und als verbindend, Grenzen zerstörend.“

Kurt Wagner: *Deutsche Sprachlandschaften*, bl. 26.

Tussen dialekgrense en verkeersgrense moet daar dus 'n mate van samehang bestaan. Waar laasgenoemde verander, sal dit ook van invloed op die dialekgrense wees. Waar verskillende dialekte deur 'n nuwe verkeersverband verbind word, volg daar 'n vermening van taalelemente, waarop daar altyd weer 'n gelykmaking volg. En die snelheid waarmee die gelykmaking plaasvind, sal weer in 'n groot mate afhang van die intensiteit van die onderlinge verkeer. Die taalkaarte stel dit vir ons op aanskoulike wyse voor hoedat hierdie proses van taalvermenging en eventuele vereffening in elke lewende taal gedurig aan die gang is.

Dialekgrense kan dus nie onbeweeglik vas staan nie, en al sou die ou volkstamme nou ook taalgemeenskappe daargestel het, dan sou die eenheid van die dialekte deur die loop van die eeue nie bestand gewees het teen die mag van die gedurig veranderende omstandighede soos die verkeersverband, wat so'n beslissende invloed op die taalontwikkeling het nie.

Volgens C. Haag het sy ondersoek aangetoon dat verdwene politieke grense na sowat 'n 300 jaar op die dialekgrense geen spoor nalaat nie.¹⁾ Daarenteen laat nuwe politieke grense binne vyftig jaar sy invloed merkbaar word op die dialekgrense.²⁾

Wat die dialekgrense self betref, het ons reeds gesien wat die eerste indrukke van die taalkaarte was: elke taalverskynsel het sy eie grens. Nie alleen het verskillende klankwette 'n verskillende verspreidingsgebied nie, maar selfs woorde waarby ons orals 'n gelyke klankwettige ontwikkeling sou verwag, voldoen nie aan hierdie verwagting nie.³⁾ Die eerste indruk was dus: daar bestaan geen dia-

¹⁾ vgl. egter ook Bernhard Martin: *Die Deutsche Volkssprache* bl. 27 waar hy voorbeelde gee van sekere taalgrense wat tot vandag toe nog saamval met die ou stamgrense.

²⁾ Kurt Wagner: *Deutsche Sprachlandschaften*. bl. 29.

³⁾ Breedvoerig by N. van Wijk: *Over Dialektgrenzen*, Nieuwe Taalgids VI, bl. iii.

lekgrense en geen klankwette nie, en die begrip *dialek* is ook maar 'n abstraksie.

Wat het die studie van die latere jare ons nou op hierdie gebied geleer? Ons het in 'n sin weer terug gekom tot die ou geloof: ons praat vandag weer van dialekte en dialekgrense en klankwette. Maar dan bedoel ons daarmee nie presies dieselfde as byvoorbeeld die *Junggrammatiker* nie; ons maak sekere voorbehoude:—

1. Met 'n dialekgrens bedoel ons nie 'n grenslyn nie, maar 'n grensbundel, 'n sone. As ons aanhou met grenslyne van taalverskynsels op dieselfde kaart trek, dan val die verskillende lyne weliswaar nie saam nie, maar op den duur blyk dit tog dat ons uit die skynbare warboel iets wys kan word.

Eerstens is daar taalverskille wat nie so belangrik as andere is vir die onderskeiding tussen dialekte nie. 'n Verskynsel wat die hele land in twee sny, is bepaald van meer belang as 'n onbeduidende afwyking wat net in 'n klein gebied bekend is.

En as ons, ten tweede, die lyne van die belangrike verskille volg, merk ons dadelik dat hulle in 'n wyer of smaller strook saamval. Tussenin is daar dan gebiede wat min of meer van belangrike lyne vry is, waarvan die taal dan 'n mate van homogeniteit vertoon. Natuurlik sal daar ook weer lyne wees wat twee of drie of vier sulke homogene gebiede tegelyk omgrens. So word die verskille tussen dialekte by trapsgewyse al groter en groter, hoe verder hulle uitmekaar uit lê. In hierdie sin kan ons dan tog praat van dialekte en van dialekgrense.¹⁾

2. Onder 'n *Klankwet* verstaan ons nou ook nie meer presies dieselfde as die *Junggrammatiker* nie. Soos reeds gesien, is hulle stelling waarvolgens daar op die klankwette geen uitsondering sou kon bestaan nie, van verskeie kante aangeval reeds voor die toepas-

¹⁾ Lank nie alle dialekgeograwe sal selfs in hierdie sin van dialekgrense wil praat nie. Vir 'n breedvoeriger uiteensetting, kyk o.a. by Maurer; *Volkssprache* hoofstuk 6 en 7.


sing van die geografiese metode op dialekondersoek. Maar nog die heftigste aanval op die klankwette kom van die kant van die dialektgeografie, wat juis ontstaan het uit 'n poging om die uitsonderingloosheid van die klankwette te bewys. Wenker se eerste kaarte het egter net die teenoorgestelde bewys en alle verdere ondersoek het getoon dat hulle reg was.

Veral in Frankryk het die interpretasie van die taalkaarte in weinig tyds veel nuwe insigte op die gebied van die taalstudie gebring. Maar laat ons weer 'n voorbeeld uit Nederland neem, nl. die *muis*-kaart van Prof. Kloeke (sien sketskaart Nr. 2). Die tweeklank *ui* (bv. in *muis*, *huis*, *uit*) het in die plek gekom van die ouer monofontong *uu*, wat op sy beurt weer voorafgegaan is deur *oe*. So word *moes* tot *muus* en dit weer tot *muis*, *hoes* tot *huus* tot *huis* ens. Dialekties kom al hierdie vorme in Nederland nog voor. Die *uu* (soos later ook die *ui*) verbrei hom in 'n oostelike rigting vanuit die provinsies Holland. Hierdie beweging in die ontwikkeling van die Nederlandse dialekte noem Kloeke dan Hollandse ekspansie.¹⁾

Nou toon die kaart aan dat die *uu* nie in alle woorde ewe verposgevat het nie. Die gebied waarin *huus* (teenoor *hoes*) gesê word, is veel groter as dié waar *muus* gebruiklik is. Tussen die suiwer *uu*- en die suiwer *oe*-gebiede lê daar dus 'n gebied waar *moes* en *huus* naas mekaar gebruiklik is, 'n gebied waar die klankwet dus nie geld nie.

Hoe kan so'n verskynsel nou verklaar word? Hiervoor moet ons let op die frekwensie van die woordgebruik. 'n Woord soos *huis* word in die grootverkeer veelmeer gehoor as die woord *muis*. 'n Verandering in die uitspraak van *huis* val dus gou op en vat pos in 'n nuwe streek, terwyl 'n woord soos *muis* nie heeldag gehoor word nie: dit is meer beperk tot die huislike lewe. Maurer wys ook daarop dat die grense van 'n taalverskynsel afhang van die betekenisgroepe

¹⁾ Dr. G. G. Kloeke: *De Hollandse Expansie in de zestiende en zeventiende eeuw en haar weerspiegeling in die hedendaagsche Nederlandsche dialecten*. 1927.



waartoe die aparte woorde behoort en die aanwendingswyse daarvan. Suiwere boerewoorde sal die verkeer kragtiger weerstaan as handelswoorde en kan dus ouere grensverhoudinge weerspieël. Ook woorde uit die kindertaal, net soos obsene uitdrukkinge, kan onder besondere voorwaardes staan.¹⁾

As die woord *hoes* oorgaan tot *huus* dan moet ons dit nie beskou as 'n klankoorgang nie, dat die *uu* in die plek kom van die *oe* nie, maar ons het hier met die woord as 'n geheel te doen: *huus* is 'n nuwe, as't ware 'n totaal ander woord as *hoes*. By so'n vernuwing is dit dus eerder 'n verandering van woorde as van klanke. Want as iemand geleer het om te sê *huus* i.p.v. *hoes*, het dit nog niks te doen met die *oe-klank* in ander woorde soos *moes* nie.

Dit is wat bedoel word deur sommige taalgeleerdes wat sover gaan om te sê dat ons nie van *klankoorgang* kan praat nie, maar alleen van *klankoordrag*.

Maar ook hiermee moet 'n mens alweer nie te ver gaan nie. Hoe kom dit anders dat die historiese taalstudie nog altyd met klankwette werk? Daar is byvoorbeeld die *Eerste Germaanse klankverskuiwing* wat, sover ons kan nagaan, plaasgevind het volgens 'n vaste klankwet.

Om dit te verklaar, moet ons weer 'n keer die taalkaarte noukeurig bestudeer. Vergelyk ons die grenslyne by woorde wat tot dieselfde kategorie behoort (soos byv. *huis*, *muis*, *uit* ens.), dan vind ons dat hulle wel nie saamval nie, maar dat daar tog ook geen algehele wetteloosheid heers nie.

Hier het ons nou teenoormekaar die stelling van die *Junggrammatiker*: *Klankwette ken geen uitsondering nie*, en dié van die dialektgeografie wat in die plek daarvan gekom het: *elke woord het sy eie geskiedenis in die taalevolusie*. 'n Gegewe woord word in sy ontwikkelingsgeskiedenis dus nie deur die een of ander klankwet beheers nie, of liever: nie volkome beheers nie, want die dwang van

Friedrich Maurer: *Volkssprache*, hoofst. 6.

wetmatigheid speel gewoonlik tog darem 'n rol. Dit wil sê, die klankwet oefen 'n mate van invloed uit op die geskiedenis van die woord. Dit is wat Kloeke noem *gehoorsbevreëdiging*. „Begint een nieuwe klank toevallig bij een groep woorden met gelijke klankcombinatie in te burgeren, dan zullen andere woorden met deze zelfde combinatie gemakkelijk in den stroom worden meegesleept.”¹⁾ Die gevolg is dat hoewel die grenslyne van die verskillende woorde wat tot so'n groep behoort nie juis saamval nie, lê hulle gewoonlik tog wel parallel en nie baie ver uitmekaar uit nie.²⁾

Die gevolgtrekking is, dat hoewel ons nie meer glo aan die uitsonderingloosheid van klankwette nie, kan ons tog nog wel van klankwette praat, of miskien liever van klankreëls. En hierdie klankreëls word nog gebruik as werkhypoteses, soos byv. in die geval van die Eerste Germaanse Klankverskuiwing.³⁾

Dit is egter iets totaal anders as die natuurwetenskaplike opvatting van die Junggrammatiker, wat die taal as 'n lewende organisme wou beskou, wat as sodanig volgens vaste natuurwette sou ontwikkel. Die dialektgeografie het vir ons die taal as sosiale verskynsel in aanskouing gebring. Dit het ons beter as ooit tevore leer insien dat die taal geen organisme is nie, maar soos von Humbold reeds gesê het, 'n menslike handeling, 'n aktiwiteit.

Sonder om hier verder in te gaan op die mees uiteenlopende terreine waarop die algemene taalwetenskap deur die moderne dialektondersoek gedien word, sal dit duidelik wees dat die metode ook by die studie van Afrikaans sy nut moet hê. Dit verskaf geweldig veel materiaal wat die praktiese nut het dat dit ons tot die konkrete feite bring en ons by die taalstudie bewaar van die teorie, van teveel logika. Wat Blancquaert van Nederlands sê, kan ook op baie ander

¹⁾ G. G. Kloeke: *De Hollandsche Expansie*, bl. 85.

²⁾ Ek sê met opset *gewoonlik*, want daar kom ook wel belangrike uitsonderinge voor.

³⁾ Kyk veral by Schönfeld: *Nieuwe Opvattingen over Klankwetten* (*De Nieuwe Taalgids*, XIX.)

tale van toepassing wees: „Wat hebben wij in Nederland inderdaad aan klankwetten die slechts geldig zijn voor de letters onzer boeken, en die geen streek meer houden wanneer wij luisteren naar de klanken onzer volkstaal? Hadden wij maar 'n taalAtlas, hoeveel feiten zullen dan kunnen opgehelderd worden; hoeveel wetten die ons worden voorgezongen zouden dan uit ons taalkundig evangelie worden geschrapt.”¹⁾ Ook vir ons sal daar uit 'n Nederlandse en 'n Afrikaanse TaalAtlas veel feite kan opgehelder word.

¹⁾ E. Blancquaert: *Romaansche Dialektologie* in *De Nieuwe Taalgids* XVI, bl. 131.